



# Kinderhoekie

Lees  
Lukas 10:25-37

## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

Maats, soek die volgende woorde tussen al die ander letters in die blokraaisel.

- |             |            |
|-------------|------------|
| Wetgeleerde | Muntstukke |
| Rowers      | Hart       |
| Leviet      | Naaste     |
| Strikvraag  | Olie       |
| Priester    | Siel       |
| Liefhê      | Wyn        |
| Samaritaan  | Jammer     |
| Herberg     | Verstand   |
| Wet         | Wonde      |

D	I	F	A	K	D	N	S	O	L	I	E	F	H	E
G	A	O	R	F	T	F	T	K	E	D	S	G	E	R
S	L	R	B	L	W	V	R	Y	V	U	B	P	R	F
A	K	E	T	U	E	O	I	V	I	Y	H	V	B	A
M	U	N	T	S	T	U	K	K	E	O	L	I	E	O
A	I	A	O	L	G	L	V	I	T	V	S	U	R	B
R	H	A	R	T	E	V	R	E	B	N	V	D	G	L
I	N	S	I	E	L	Y	A	T	L	Y	E	N	K	P
T	E	T	O	Y	E	J	A	M	M	E	R	A	S	B
A	P	E	B	P	E	R	G	Y	H	U	S	O	D	T
A	B	U	G	V	R	O	W	E	R	S	T	S	A	I
N	K	S	E	T	D	T	E	I	P	W	A	K	R	A
F	N	P	R	I	E	S	T	E	R	Y	N	O	B	N
A	E	R	H	B	K	G	I	W	O	N	D	E	H	G



# Suiderkruis

'n Gemeente vir Oud en Jonk

## ONDER ONS 2022

Redaksie: Ds Coenie Calitz, Elize van Niekerk, & Hester de Beer  
 Posbus 5253, Kockspark, 2523  
 Tel & Faks 018 2947939  
 E-pos: elize@suiderkruis.com  
 Web: www.suiderkruis.com  
 Facebook: suiderkruis

30 JANUARIE 2022

### DAGBOEK VANDAG

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggenddiens
- 09:00 Kinderkerke
- 09:00 Reguitstraat 13+
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 18:00 Belysel

### SONDAG 6 Februarie

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggenddiens
- 09:00 Kinderkerke
- 09:00 Reguitstraat 13+
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 18:00 Belysel
- 18:00 Foyerdien (aanlyn)

### KUIER SAAM MET DIE LEIERS

Ons nooi alle kerkraadslede, leiers, voorsitters en enige ander lidmaat uit na 'n Bring-en-braai op Vrydagaand 4 Februarie. Vure sal voorsien word. Bring asb net eie eetgerei. Bevestig asb by Elize (0832976748) wie gaan bywoon sodat ons net idee kan hê van die hoeveelheid persone.

### GEBEDSLYS

#### Hospitale

- Ria Louw
  - Louis Spamer gaan môre, 31 Januarie vir 'n knieervanging
- Spesiale voorbedding word gevra vir Tannie Hester Green.



*Vader rig my gedagtes  
op Valleen ...*

**MOENIE HIERDIE WÊRELD NAVOLG NIE, MAAR WORD VERANDER DEUR DIE VERNUWING VAN JULLE DENKE EN JULLE SAL KAN ONDERSKEI WAT DIE GOEIE, AANVAARBARE EN VOLMAAKTE WIL VAN GOD IS. - ROM 12:2**



### LIEWE SUIDERKRUIS GEMEENTE,

Dis met baie gemengde emosies dat ons Maandagaand gehoor het dat ons beroep is na Onrusrivier gemeente by Hermanus. Dit was vir jare lank ons droom om eendag Kaap toe te gaan, maar ons het nie gedink dit sal ooit realiseer nie. Die afgelope 26 jaar in Suid was vir ons die beste tyd van ons lewe: soveel geleer en soveel wonderlike mense ontmoet en hulle lewens gedeel. Ons is dankbaar en opgewonde oor die kans en roeping wat vir ons wag, maar ons is baie (baie, baie) hartseer om weg te gaan uit Suid - dis ons familie. Ons is gelukkig nog twee maande hier en sal DV eers op 1 April in Onrusrivier begin. In hierdie twee maande moet ons pak, huis verkoop, oral kuier waar ons kan en ook afskeid neem - afskeid is nooit lekker nie. Oom Marius het reeds in die afgelope twee maande (vandat ons genooi was vir die eerste onderhoud) die beroepingsproses in Suid in detail beplan vir ingeval dit sou nodig wees. Die kerkraad vergader Dinsdagaand om die beroepingsproses te beplan en 'n pre-advieskommissie saam te stel. Ons beplan om die vakature landwyd te adverteer en glo dat die Here ons sal lei om die regte leraar vir Suid te beroep. Bid asb saam met ons vir die proses (omskrywing, advertensie, sifting, onderhoude, preekbeurte, beroeping) - wat ongeveer 6 weke sal duur - en dat die Here ons duidelik hierin sal lei. Suid is 'n wonderlike unieke gemeente en ons glo die Here sal ons lei om die dominee te beroep wat die Here vir ons sal aanwys. Groete, **-Coenie**

### DROOMHUIS

Baie dankie aan Lois Sauer wat so gereeld ons mense van Droomhuis by Witrand gaan besoek. Met elke besoek is daar natuurlik ook 'n wenslysie. Skenkings van koffie, tee, melk en suiker kan gerus by Jacoba Ras of die Kerkkantoor afgegee word. (Dis groot behoefte by hulle).



### KRY JOU KOP REG

*Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,*

*- Kolossense 3:2*

Dié dinge waarop jou kop ingestel is, sien jy heeltyd raak. Later is dit die enigste temas waaroor jy praat, dink en droom. Dink maar aan daardie "donkerkant-eerste-raaksieners". Hulle sien graag moeilikheid raak en praat ook aanhoudend daaroor. Dalk ken jy 'n paar van hul geliefde uitdrukkings: "Waar gaan alles heen?" Of: "Dis klaar met ons!" Wat van daardie immergroene, wat deesdae weer orals kop uitsteek: "Hier's g'n toekoms meer nie!" As dit dalk jou soort taal is, dan's dit hoog tyd dat jy jou kop vars instel. Hoe? Paulus sê in Kolossense 3:2 ons moet ons gedagtes op Christus rig. Net dit. Dis regtig so eenvoudig én so lewensveranderend soos dit. Dan maak Hy ons harte op Sy beurt vol met Sy Gees. Dan dink en praat ons oor Christus tot eer van Sy Gees.

Ons moet 'n nuwe beeld van Christus se grootheid, goedheid en nabyheid in ons koppe kry. Hy moet weer van vooraf, of dalk regtig vir die eerste keer, ons nuwe Held word. Dit kan slegs gebeur as ons bereid is om daagliks agter Jesus aan op Sy reispad te stap en as ons Sy Boek gereeld as ons reisgids lees en oordink.

Vul jou kop nou dadelik met die regte dinge... nee, vul dit met die regte Persoon! Dan is jou lewe oorvol. Dan maak sy Gees jou terselfdertyd bewus van almal, wat na Hom smag sodat jy hulle met jou gawes kan dien.

*Gebed: Rig my hart op U, Christus. Laat my gedagtes en woorde vir U mooi wees. Amen.*

**-Stephan Joubert [eKerk]**

### VERJAARSDAGHOEKIE

**Vandag:** Geen verjaarsdae

**31 Januarie:** Duard Barnard, Maritsa Mommsen, Adél van Staden

**1 Februarie:** Blikkies

Bosman, Riané Jacobs, Lynn Preston

**2 Februarie:** Kobus Jv Rensburg, Jean Nieman

**3 Februarie:** Jana, Juan en Leon vd Merwe (ons ander 3-ling in die gemeente)

**4 Februarie:** Ricarlo Ras, Martin Smit, Ivan Smit, Dyllan vd Heever

**5 Februarie:** Nita Botha, Boeta Burgers, Yvonne Groenewald, Christel Hope

**NB:** Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. **- Elize**



### AS DIT DONKER IS OM MY

**Dorings het 'n pluspunt**

*Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk. 2 Kor 12: 2 Korintiërs 12:10*

Dieselfde doring waarteen Paulus so geskop het, was op die ou end 'n positiewe krag in sy lewe. Dit het hom geleer dat sy eie krag nie genoeg was vir die dorings en struikelblokke in sy lewe nie, maar God s'n wel.

Sonder die struikelblokke en dorings in jou lewe staan jy dalk ook gevaar om te dink dat jy self kan regkom, dat jy nie regtig vir God nodig het nie. Maar deur dorings in jou lewe toe te laat, wys God vir jou dat jy nie sonder Hom kan klaarkom nie, dat jy Hom elke dag van jou lewe nodig het. Hy wil sy krag tot jou beskikking stel sodra jy bereid is om jou afhanklikheid van Hom te erken.

Op die ou end is Paulus bly oor sy doring: "Hierdie

doring in my vel het skielik die krag in my lewe geword. Ek het ontdek dat swaarkry en swakhede deel van die Here se plan met my lewe is" (2 Kor 12:10, Die Boodskap).

Wil jy nie vandag 'n blaadje uit Paulus se boek neem nie? Kyk 'n slag met ander oë na die struikelblokke waarvan jy ontslae wil raak. Heel waarskynlik het die Here 'n doel met elkeen van hulle. Hy wil hulle gebruik om jou te leer om vaster op Hom te vertrou. Soos Paulus kan jy ontdek dat jou swaakheid jou geleer het om heeltemal op god staat te maak.

*Hemelse Vader, vandag wil ek vir U kom dankie sê vir die dorings in my lewe omdat hulle my leer om volkome afhanklik van U te lewe. – Nina Smit*

### FONDSINSAMELINGS

- R2-projek (neem 'n pilhouertjie in die portaal, vul dit met R2-stukke & gooi in die kollekesakkie.
- Koperkruik-projek (gooi al die "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan).
- Tweedehandse snuffelwinkel (Indien u enigiets het wat sommer net in die pad is by die huis, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat al alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel. **- Elize**

### METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Elektroniese betaling:  
EFT of Zapper:



Bankbesonderhede:  
NG Kerk Potch-Suid  
Absa, Tjekrekeningnr 680580049  
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



<b>Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.</b>	<b>Naam:</b> .....
	<b>Selno:</b> .....